

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD



>>> BLADSY 2

COVID stop klas

nadat 'n Graad 12 leerling van Hoërskool Heilbron positief getoets het vir die virus.

>>> BLADSY 2

Eerste vir die Vrystaat

Tegnologie ken nie grense nie, dit bring kopers van oor die land byeen is Dinsdag bewys.

>>> BLADSY 6

Leonie Weillbach,

mede Dux-leerling langs Anna Schoeman – 'n dubbele prestasie vir die Hoërskool.



CAREL
TERRE'
BLANCHE

Carel Terre'Blanche is laatoggend op 27 Junie 2020 in sy huis oorlede. 'n Seun, skoonseun, man en pa vir drie kinders, asook 'n bekende varken-Boerboelboer in Heilbron. Woonagtig op die plaas Spitskop in die Hoogte omgewing, was Carel baie betrokke by Vegkopboerevereniging as sekretaris en deel van Vegkop Rally se beplanning vir meer as 5 jaar. Met 'n onderliggende hartkondisie steek hy goed pyn weg en het Carel inmekaar gesak op die jong ouderdom van 46. Carel is beskryf as iemand met 'n sin vir humor en het altyd geglimlag en het so ook die menswees verlaat. Die diens is waargeneem deur Ds. Hans van Vuuren vanuit NG Kerk Suid op 2 Julie 2020. Hy was 'n rots en steunpilaar vir sy eggenote, kinders, vriende en familie wat hy nalaat. Hy word oorleef deur beide sy ouers en skoonouers.

GEVANGENE ONTSTAP UIT AANHOUDING

'n Gevangene het op 30 Junie 2020 vanuit die hof se aanhoudingselle ontsnap. Kolonel Mokhethi het ongeveer 13:15 'n oproep ontvang van Konstabel Mokoena by die hof nadat een van die aangehoudenes uit die hofselle ontsnap



het. Na afloop van die hofsessie moes die aangehoudenes weer teruggeneem word tronk toe, toe hulle agtergekom dat een vermis is. Na ondersoek ingestel is by die selle, is bevind dat daar 'n gat

in die heining bo op die aanhoudingsel is waardeur Mnr Qetela Mautsoa ontsnap het. Hy is 'n 29 jarige Lesotho burger wat gearrester is vir 2 rooftogte in Oranjeville en in Deneysville word hy ook aangekla vir die besit van 'n onwettige vuurwapen en ammunisie. Die man het sy klere in die gang tussen die polisiestasie en hofselle gelos. Hy is weer later die dag op die R57 pad deur die Heilbron SAPS gearrester.



FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Plet Boshoff : 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 056 813 1071
E-pos: frankfort@bkbouwuid.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No. 2001/036173/07



*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*



Nadat 'n Graad 12 leerling van Hoërskool Heilbron positief getoets het vir Covid-19 op 29 Junie 2020, het die skool besluit om die Matrieks se klastyd tydelik te staak. Die leerling se ouers het die skool in kennis gestel dat sy positief getoets het vir Covid-19. Mnr. Peter Smith, skoolhoof van Hoërskool Heilbron, het aanbeveel dat die leerling nie moet skool bywoon nie en dadelik vir die virus getoets moet word. Sy ouers het die leerling self laat toets en tot op hede toon die leerling nog steeds geen simptome van Covid-19 nie. Na daar vergader is, is klastyd gestop vir die onderskeie klasse en al die betrokke onderwysers is op 30 Junie vir die virus getoets en huis toe gestuur. 'n Versoek is aan al die graad 12's se ouers

COVID STOP KLAS

gerig om kinders ook vir die virus te laat toets. Indien geen leerling of personeel simptome toon nie, sal die klasse weer voortgaan op 6 Julie 2020. Maatreëls word streng gevolg op die skoolgrond en weens geen nabye kontak met ander leerlinge toegelaat word of plaasgevind het nie, is die besluit geneem om die graad 7 leerlinge se onderrig te laat voortgaan. Alle onderwysers, terreinpersoneel en leerlinge word daagliks gemonitor en almal se hande word tot 10 maal per dag ontsmet. Streng kontrole word ook toegepas tydens pouse in

die badkamers. Die Departement van Onderwys en Gesondheid is in kennis gestel van die voorval en het tevredenheid getoon ten opsigte van die protokol wat gehandhaaf word. Die skool en koshuis is weer op 2 Julie volledig gereinig en ontsmet. Die Departement van Gesondheid het met talle geleenthede die skool besoek en was elke keer ten volle tevrede met die aksieplan in plek om die personeel en leerlinge te beveilig. Hierdie tipe gebeure lê klem op die verantwoordelikheid van die gemeenskap om ten alle tye Covid-19 regulasies na te kom.

COVID-19 STATISTICS IN SA



EERSTE VIR DIE VRYSTAAT

Tegnologie ken nie grense nie, dit bring kopers van oor die land byeen. Dit is Dinsdag bewys toe BKB hul eerste "timed auction" in die Vrystaat aangebied het. Faansie Pretorius, eienaar van die welbekende Hilltop SAVM stoet van Heilbron, is baie tevrede met die pryse wat tydens die elektroniese veiling behaal is. Die totale aanbod is verhandel en het 124 kopers geregistreer vir die veiling wat oor sewe dae gestrek het. Dinsdagaand 19:00 het die eerste 10 lotte gesluit. Die ramme se gemiddelde prys was R 13 640 en die duurste ram, Lot 1 (17-0186), is verkoop vir R68 000 aan mnr Botha van Niekerk van Bloemfontein. Hy het ook die duurste ooi, Lot 42, vir R16 000 gekoop. Die gemiddelde prys van ooe was R6 000. Dit was Hilltop se 6^{de} Produksieveiling. Die "Money Maker" ooi van Stamboek SA is deel van Hilltop se stoet. BKB spreek ook hulre dank uit aan almal wat deel was van die suksesvolle veiling.



BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur:

HY HET UITGESTAP

Johannes 1: 1-14 - Die Woord was by God, en die Woord was God self. Die Woord het mens geword, en onder ons kom woon. Ons het Sy heerlikheid gesien... Wat Hy, as Enigste Seun van die Vader gedoen het.... 'n Seuntjie het staan en kyk na die foto van van sy vader wat toe al 'n geruime tyd weg van die huis was. Na 'n rukkje sê hy aan sy moeder: "Ek wens pappa wil uitstap uit die foto". Hierdie seuntjie het die diepste wens van die menslike hart uitgespreek. Hoe verlang ons nie soms, as ons daardie foto sien, na 'n dierbare ouer, 'n man, 'n vrou, 'n kind of 'n vriend nie. Sou u nie graag wou hê hy (sy) moet 'n oomblik uitstap en 'n bietjie met u gesels nie? Ons kyk dikwels vas teen die foto van God in Sy Woord, in die prediking. Sy Hand in die dinge wat gebeur. Ons aanskou Sy Handewerk in die natuur. Hoe graag sou ons wou hê Hy moet uitstap en uit die onpersoonlike sodat ons Hom persoonlik kan ontmoet. Die waarhede en begrippe bevredig ons nie altyd nie. Maar nou het God uitgestap uit die foto toe Jesus gebore is. Die Woord was by God, en die Woord was self God... Die woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het Sy Heerlikheid gesien. Wat 'n heerlike voorreg! Hy het daar in Bethlehem uitgestap uit die foto en dit vier ons elke keer met Kersfees. Immanuel – God met ons. Maar nou kom Hy om deur Sy Heilige Gees in ons te woon, en ek kan Hom daagliks met 'n Geestelike oog sien en ervaar. Hom hoor spreek tot my. Die pad vorentoe word al hoe mooier, want Hy vergesel my totdat ek eenmaal in die Hemel aanland, waar Hy vir my plek berei het. *Bron onbekend*



UIT DIE PEN

Ek het besluit, en dit is finaal. Ek haat 'n kaart.

Voordat ek verder vertel, net eers gou 'n storie oor iemand anders se storie oor 'n kaart. 'n Groep leerders van 'n sekere plattelandse skool kom stad toe vir 'n akademiese uitstappie. Een van die doen-dinge tydens ontspanningstyd is om te gaan ysskaats. Daar is 'n ysskaatsbaan aan die ander kant van die stad en die juffrou kry die padkaart om aan die bestuurder te verduidelik waar om te ry. Hulle stop by die groot winkelkompleks en die kinders ryg uit soos sardiens. Die juffrou verduidelik (soos net 'n juffrou kan) hoe laat hulle waar moet wees, en elkeen moet sorg dat sy maat nie wegdraak nie. En net vir die wis en die onwis kry elkeen ook 'n kaart waar die winkel se vloerplan geteken is. Sodat hulle nie verdwaal nie. Juffrou verduidelik hoe om by die ysskaatsbaan uit te kom, by die eetplekke, waar die roomys is, die beste pizza winkel, die OTM en dies meer. Net voordat sy die jongspan in 'n rigting in stuur, maak sy vir oulaas seker. “Do all of you have a card?”

DIE BELANGRIKHEID VAN FINANSIËLE BEPLANNING GEDURENDE MOEILIKE TYE

Ons leef in moeilike en onvoorspelbare tye en daar is baie vrae rondom 'n mens se finansiële situasie en hoe dit gaan verander as gevolg van die sukkelende ekonomie. Nou, meer as enige ander tyd, is mediese fondse, korttermyn versekering en behoorlike boedelbeplanning van kardinale belang. Die ekonomie druk op die oomblik en baie mense sukkel om finansiële kop bo water te hou. Dit is tog belangrik om

Meeste knik nee, want hulle betaal kontant. “No, man, not that card, this card”, en sy hou die vloerplan van die winkelsentrum omhoog. Ja, vertaling in konteks is nogal belangrik. Want kaart is kaart in Afrikaans. Maar in Engels is daar 'n verskil tussen “card” en “map”. Maar ek is moeg vir die “card” kaart. My beursie staan boepens van al die kaarte. En, in teenstelling met wat baie mense glo, beteken baie kaarte nie dat jy baie geld het nie. Indien dit baie bankkaarte is, beteken dit bloot dat plastiek geduldig is. Jy kan dit een plastiek met die ander ene betaal en jou eie dinges op hierdie manier sonder 'n spieël sien. “But all cards are not created equal.” Daar is 'n ID kaart (kredietkaartgrootte) wat mooi netjies agter in my groen ID-boekie se omslag pas. Dit word so gebêre, want anders kruip hy weg wanneer ek na hom soek. Die bestuurderslisensie is, blykbaar gerieflikheidshalwe, dieselfde grootte as die kredietkaartgrootte ID kaart. Dan is daar die Woolies-kaart. Skeloranje, sodat ek dit maklik kan uitken. Het ek gedink. Nee, dis toe nie so maklik nie. Die skeloranje smelt saam met die natuurlike omgewing en in hierdie kamoeleerstaat kan ek dit nooit betyds uitgrui nie. Dit gebeur telkens: Ek koop nooit baie items by Woolies nie, ek sou graag wou, maar dis effens bo my vuurmaakplek. En ek gaan nie nou my vuurmaakplek kan skuif nie. Ieder geval: ek stap gewoonlik deur die winkel met 'n mandjie of dra die goed wat ek wil koop, in my arms. Nadat ek vir drie ewighede in die ry gestaan het (wel, dit voel soms so), skree iemand: “Neeext.” En

gewoonlik is daar geen “smile” wat vir my wag nie. Ek sukkel om my pakkies op die toonbank neergesit te kry en probeer krampagtig om my vingers weer reguit te kry sonder om die helfte te laat val. Die kassier kyk verveeld rond. En dan gaan sy af soos 'n goedkoop elektriese wekker: “Woolies Card!!” Ek weet nie of dit 'n bevel of 'n promosie is nie. Volgens my Hoërskool Afrikaanse Onderwyser het 'n volsin gewoonlik 'n onderwerp, voorwerp en 'n gesegde. (“Klas, maak vir juffrou 'n sin met 'n voorwerp, onderwerp en 'n gesegde.” Pietie steek sy hand op: “Juffrou, ek was my voorwerp, onderwerp en gesegde met seep en water.” Terug by my Woolies-kaart. Ek sukkel my beursie uit my handsak en begin deur die hele reeks kaarte blaai: Shell, Garmin (hoekom het ek so 'n kaart, wonder ek), Pick 'n Pay se blou Smart Shopper-kaart, wapenlisensie, ID kaart van die bank, my vorige debietkaart en my vorige kredietkaart (dalk is dit tyd om dit weg te gooi), my huidige kredietkaart en my huidige debietkaart, PNA se afslagkaart, Dischem en die mediese fondse se kaart (daar is drie, want ek kon nog nie agterkom watter een is die huidige, geldige kaart nie), eTol-kaart (jip, jou mos laasweek vertel dat ek so ene ook het), drie geskenkekaarte wat ek al van vergeet het en sewe kaartjies met mooi boodskappe op wat ek vir die karwagte saam met hulle karmenaadjies uitdeel. Ek kry nie die simpel Woolies-kaart nie. Ek probeer 'n grappie maak terwyl ek na die rakker soek. “It is now time to relax until I

find my card,” probeer ek, maar my hande raak sweterig van die opwinding. Die kassier kyk verveeld na haar rooi nael wat besig is om af te dop en krap agter haar oor. Sy vroetel iewers waar ek nie kan sien nie. Uiteindelik ruk ek die skeloranje vabond uit my beursie en hou dit triomfantelik omhoog. Dit het geen effek op die kassier se gesigsuitdrukking nie. Terwyl sy die items deursleep om te skandeer, sukkel ek die betaalkaart uit my beursie uit. Vrek, dit was nou net hier, waar is dit nou? Ag nee, daai een gaan weer verveeld na haar afdoppende rooi nael loer en agter haar oor krap en iewers vroetel as ek nie die kaart so gou as moontlik in die hande kry nie. Sy kondig die uitstaande bedrag aan. Ek vroetel presies op daardie oomblik die betaalkaart uit. Sy draai die kaartmasjien in my rigting en sê: “Swaai.” Wat ek doen. Ek sit die skeloranje kaart en die betaalkaart weer in my beursie en dit voel amper of ek die Comrades gehardloop het. Ek sug behaaglik. Ek is moeg vir 'n kaart. Ek het nie 'n Checkers-kaart nie, en nee dankie, ek wil nie nog 'n kaart hê nie. Tot my erge irritasie hoor ek dat daar nou 'n OK lojaliteitskaart is en ek weet dat ek nie opgesaal kan word met nog 'n simpel kaart nie. Ek het al gedink hierdie kaarte is 'n manier om enige mens se koop- en gedragspatrone na te speur, dalk moet iemand vir ons navorsing doen oor of dit regtig gebeur. Ek sien 'n samesweringsteorie aankom. Ek het besluit, en dit is finaal. Ek haat 'n kaart.

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars

Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

Abrie Watson abrie@heilbron.co.za • John Watson john@heilbron.co.za
Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
Celéste herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
Christelle heralldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
Silma heraldnuus@heilbron.co.za - Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort
en Reitz asook op webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek

word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

KENNISGEWINGS LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer T24723/2003. Passed by: THE EXECUTOR estate late ABRAHAM JOHANNES MATTHEE, Number 1591/2001 In favour of: SARINA MATTHEE, Identity No 710710 0366 08 3; Unmarried In respect of: 1. Portion 5 (of 2) of the farm Welgeluk 778, district Heilbron, Province Free State; 2. Remainder of the farm Engeland 60, district Heilbron, Province Free State which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein within two weeks after the date of the publication of this notice.

APPLICANT:
WILHELMUS BURGER
ADDRESS:
HELMUT BURGER
PROKUREURS
18 KERK STREET,
FRANKFORT,
Ref EA0013
EMAIL ADDRESS:
helmut@lantic.net
CONTACT NUMBER:
058 813 4006

DIENTE

Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23,
Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

**MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK**

Latest Releases
Late-Nite Video
Heilbron

Ina Lessing jams coming soon!

Old Fashion Sweets:
Honeycomb, Fudge, Butterscotch
and other Novelty Confections

Kerkstraat 42 C/42 C Church street
072 807 7790 ★ 076 868 3837

Worrying does not take away TOMORROW'S Troubles, it takes away TODAY'S Peace

GiG Technologies (Pty) Ltd
• Alarm Systems • Web Development
• Computer Products • Internet Services
• Computer Repairs • CCTV Installations

Contact us for all your technical needs!
Adriaan: 072 840 4495 Estian: 074 279 6993
info@gigtechnologies.co.za

Jenny Wireless Internet
www.jenny.co.za
087 170 0000

TE HUUR SMALLS

**HEILBRON
ROLBAL-KLUBHUIS**
Gesik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof
en 2 oonde, gelisensieerde
kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531

PLAASHUIS TE HUUR

Bel my gerus as u belangstel.
Skakel
083 688 8256
K0718

Vir sny-,
hark- en
baalwerk.
Kontak Evert
Kleynhans
072 018 3685

TE KOOP

HOUT & KOLE TE KOOP

• 50 kg kole
“nuts”
R110 per sak.
• Bondels hout
± 10-11kg
R20 per bondel.
Kontak
Dries
082 295 4442
Heilbron
K0717

TE KOOP

• 2 Ton Aftap-kar
• 1 x 600 Liter
Dieselkar
• 1 x Baal laaier
(Pen tipe)
• Bakkie tralies
LWB
• Isuzu
Double Cab tralies
Kontak Brandt
van Rensburg
064 042 6970
SKB



Vr 3 Julie	-1 / 20	Sonnig
Sa 4 Julie	-1 / 20	Sonnig
So 5 Julie	0 / 19	Sonnig
Ma 6 Julie	4 / 20	Sonnig
Di 7 Julie	5 / 19	Sonnig
Wo 8 Julie	4 / 21	Sonnig
Do 9 Julie	4 / 19	Sonnig
Vr 10 Julie	4 / 19	Sonnig
Sa 11 Julie	4 / 21	Sonnig
So 12 Julie	0 / 21	Sonnig
Ma 13 Julie	0 / 23	Sonnig

DIE RUS INGEAAN

† In liefdevolle herinnering aan **Frederik Petrus Barnard** oorlede op 26 Junie 2020 in die ouderdom van 69. Die diens is vandag waargeneem vanuit NG Kerk Suid deur Ds Tiaan Victor. Hy laat na sy eggenote, kinders en kleinkinders.

† In liefdevolle herinnering aan **David Jacobus Rossouw** oorlede op 25 Junie 2020 in die ouderdom van 93. Die diens is waargeneem 1 Julie vanuit NG Moedergemeente deur Ds Braam van Zyl. Teraardebesteding het plaasgevind op Goedehoop. Hy laat na sy kinders, kleinkinders, agterkleinkinders, familie en vriende.

† In liefdevolle herinnering aan **Tersia Phillips** oorlede op 17 Junie 2020 in die ouderdom van 71. Die troosdiens is waargeneem op 24 Junie vanuit NG Moedergemeente deur Ds Braam van Zyl. Sy laat na haar kinders, kleinkinders, vriende en familie.

† In liefdevolle herinnering aan **Anna Catharina van Rooyen** oorlede op 30 Junie 2020 in die ouderdom van 79. Die diens word waargeneem op 6 Julie 2020 en word by haar man in die dorpsbegraafplaas begrawe. Sy laat na haar kinders, familie en vriende.

† In liefdevolle herinnering aan **Ramakgomo Katleho Ben Sekete** oorlede op 16 Junie 2020 in die ouderdom van 40. Die diens is waargeneem op 27 Junie en is begrawe in die Plaas Begraafplaas. Hy laat na sy vriende en familie.

† In liefdevolle herinnering aan **Tsepang Derrick Mokoena** oorlede op 28 Junie 2020 in die ouderdom van 17. Die diens word waargeneem op 4 Julie 2020 en word begrawe in die Plaas Begraafplaas. Hy laat na sy moeder, familie en vriende.

Ondervind u probleme om duidelik te hoor?

HEAR4LIFE, 'n gehoorpraktik van Pretoria, besoek Heilbron weer op **9 & 10 JULIE**. Ingekontraakteer met mediese fondse. WEENS DIE HUIDIGE COVID-19, word gehoortoetse in die veiligheid van u eie huis gedoen.

WHATSAPP OF SKAKEL 063 959 3028 VIR AFSPRAKE OF NAVRAE



BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wen-akkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring
082 851 6158 of
Piet Meiring
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

GEMEENSKAPSNUUS



Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT

Koopkrag gewaarborg

Kontak ons bemarkers

P.J. MÜLLER
060 966 9340

Bestuurder &
Bemarker

CORJAN DE JAGER
079 506 8777

Frankfort
Cornelia
Roadside

FANIE VAN DER MERWE
082 494 3127

Frankfort
Cornelia
Oranjeville

DAVID GERBER
082 489 7424
Reitz
Tweeling
Petrus Steyn

GERHARD HARTMAN
082 550 2054

Villiers
Grootvlei

HUGO GROENEWALD
082 569 7205
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville

IAN GROBBELAAR
060 965 6207

Afslaer

LEONIE WEILBACH MEDE DUX-LEERLING VAN 1948

1948 was die jaar van verandering nie net by Heilbron Hoërskool nie, maar ook in die politiek van Suid-Afrika.

Dit was die eerste keer dat twee leerlinge aangewys is as mede dux-leerlinge, maar ook die jaar dat die Nasionale Party die verkiesing gewen het en Generaal J. C. Smuts, leier van die Verenigde Party, sy setel Standerton verloor het.

Dit was ook die jaar dat drie leerlinge van die Hoërskool aan die dood afgestaan is. Hulle was Hendrik van Wyk (st. 9), Attie Roos (st. 9) en Maria Crause (st. 7).

Die Herald het die afgelope weke ruimte afgestaan om oud Dux-leerlinge op te spoor en hierdie week is vasgestel dat die 1948 Dux-leerling, Leonie Weilbach, op 89 jarige ouderdom nog sover die oudste lewende leerling is. Leonie is tans 'n inwoner van Heilbron se affreoord, Huis Bron van Heil.

Dit was ook die eerste keer dat die Hoërskool twee Dux-leerlinge aangewys het, nl. Leonie en Anna Schoeman. Leonie het die eindeksamen met twee onderskeidings geslaag – Engels en Latyn. Die skool het ook aan haar 'n spesiale boektoekenningprys gegee vir haar prestasie in Geskiedenis.

Leonie is die dogter van wyle Wallie en Frances Weilbach van die plaas Leeupoort. Dit verdien ook vermeld te word dat Frances 'n hoofdogter van Eunice Hoërskool in Bloemfontein was. Wyle Fritz Weilbach is Leonie se broer.

Een van die mees tragiese gebeurtenisse in haar lewe was die Sondagmiddag toe haar eggenoot, Dr. Mario Theron, op hul plaas buite Heilbron vermoor is.

Daar is ook hierdie selfde jaar afskeid geneem van C. J. (Pa) Nel, onderhoof, wat na 34 jaar die tuig neergelê het. Stoffel Nelstraat is na Pa Nel, soos hy in die samelewing bekend gestaan het, met erkenning vir sy bydrae vernoem.

Nog so ietsie uit die jaarblad wat prikkel, is die atletiekfoto waar ds. Pieter du Toit, seun van wyle Skippie du Toit, onderwyser, erkenning kry vir sy prestasie tydens die tussenskoolse byeenskoms op Parys. Terloops, Heilbron het ook 'n dominee-atleet gehad wat Springbokkleure verwerf het. Ds. Kobus Swart, het Suid-Afrika verteenwoordig op die Cardiff Statebondspele in die 120 tree hekkies, wat hy ook gewen het. Hy word in 1959 bevestig as leraar van die NG Moedergemeente.

Ek kan ook nie vergeet om te noem nie dat Johannes Claassen, wat onlangs oorlede



Dan was daar nog drie Springbok-atlete, die Cronjé-gesin - Danie, Sarina (née Mostert) en hul seun Johan.

Danie het as prokureur op Heilbron praktiseer. *Time Gentlemen – Tom Watson*



is, presteer het op die skole-atletiek veld. Hy het in die distrik geboer.

Met so 'n tong in die kies, net dit – sien 'n advertensie van Nasionale Ko-operatiewe Romery Bpk. in die jaarblad – dit is nou NCD/Clover – waar hulle melkboere werf om lede te word van die koöperasie. Hulle sê slegs boere sal lede wees, al die winste sal aan boerelede behoort, die direkteur sal boere wees.

Tegnologie, ens. word gesê neem nou boerdery oor! Om te oorleef moet die boer aanpas – net jammer dat die melkboer verlore geraak het in die proses.

Amper vergeet ek – ja Heilbron Hoërskool het ook 'n Springbok-atleet gehad – Magdel Myburgh – sy het die 100 en 220 tree oorheers en is getroud met Brick Pretorius, onderwyser. Magdel het onderwys by die Volkskool gegee.

PLAASAANVALLE EN PARAATHEID

Die Vrystaat Landbou, VF Plus en talle ander organisasies, burgers en inwoners is besorg oor die toenemende getal plaasaanvalle in Suid-Afrika hierdie afgelope ruk. Die gevolg is dat daar vereis word van die landbougemeenskap om voorbereid te wees en vuur met vuur te beantwoord, binne die wet. Elkeen het die grondwetlike reg om hom-ofhaarself te verdedig wanneer hul lewe bedreig word. Daar word vereis dat die president daarop moet reageer. Vise-president van die VL, Tommie Esterhuysen, meen dat dit



onaanvaarbaar is dat landbouers en hul werkers gedurende die Covid-19 inperkings elke dag kos aan die land voorsien, maar dan onderwerp word aan sodanige en lafhartige barbaarse optrede. Dr. Pieter Groenewald, VF Plus leier, skryf in sy mediaverklaring dat dit wil voorkom asof die president nie dit kan waag om beskerming aan die boere te bied nie. Dit sal beteken dat hy die boere se eiendom ook moet beskerm en dit bots met die kwessie oor grondonteiening sonder vergoeding. Wanneer daar 31 plaasaanvalle en vier plaasmoorde binne 10 dae in SA plaasvind, is dit genoeg bewyse dat dit nie net gewone misdaad is nie, maar georganiseerde misdaad wat meer prioriteit-aandag verg. Die afgelope week het daar 3 plaasaanvalle plaasgevind in die Vrystaat, onderskeidelik in Kommissiepoort, Petrusburg en Zastron. Daar was 2-5 aanvallers betrokke en die slagoffers is baie ernstig beseer. Van die slagoffers het een beenbreuke opgedoen en moes

noodoperasies ondergaan. Die boere in Petrusburg het vinnig gemobiliseer in die aangrensende areas nadat kennisgewing ontvang is. Die polisie het ook vinnig gereageer opsoek na drie aanvallers. Wat egter 'n groter bron van kommer wek is video beeldmateriaal wat rondgestuur word van die slagoffers. Dit is 'n teken van onsensitiwiteit en die verspreiding hiervan sonder die toestemming van die slagoffers kan nie goedgekeur word nie. In die Zastron/Rouxville area het die boer, Gert van der Walt, deur middel van 'n stoeiery met twee aanvallers laatmiddag op Saterdag (27 Junie 2020) daarin geslaag om sy vuurwapen te bekom en is een van die aanvallers noodlottig gewond, volgens Martin de Kock, streekveiligheidsvertegenwoordiger van die area. Tydens die aanval in die Kommissiepoort (Tweespruit area) op Sondag 21 Junie 2020 is John Parr, sy vrou, skoonseun en kinders deur vyf aanvallers aangeval. Twee van die aanvallers is noodlottig gewond. 'n Baie ernstige beroep word op landbouers gedoen waar hul oor vuurwapens vir selfverdediging moet beskik en gereedheidsvlakke moet opskerp sodat hul tydens gevalle van nood hulself en gesinne kan beskerm. Dra

die nodige selfverdedigingswapens, woon skietoefeninge by en vinnige reaksie deur alarm te maak kan paraatheid opskerp en bydra dat aanvallers vlug. Dit is 'n werklikheid dat boere nie kan staatmaak op die regering van vandag nie en landbouorganisasies en gemeenskappe hul eie beveiligingsstelsels implementeer om boere en selfs inwoners te beskerm. Danksy dit word minder boere vermoor teenoor die aanvalle wat plaasvind. Die polisie is versoek om inoefeninge in die Landelike Beveiliging Strategie te heraktiveer, maar dit het as gevolg van Covid-19 in sekere areas agterweë gebly. Wit- en blouligte patrollies moet met toegewysde voertuie plaasbesoeke moet bring en veral die ouer, meer weerlose boere, gesinne en werkers op plase moet besoek. Maak seker jou kommunikasie- en ondersteuningsnetwerke is in plek en elk met 'n gebeurlikheidsplan oor hoe om op te tree tydens 'n plaasaanval. Die VF Plus sal egter aanhou om politieke druk op die president en die regering te plaas weens plaasaanvalle in ons eie land steeds nie uitgesonder word soos ander geïsoleerde voorvalle nie.

VF Plus versoek die adjunkpresident om in te tree.

Die Ngwathe-plaaslike munisipaliteit (Parys, Vrededorp, Heilbron, Koppies, Edenville) word weens Eskom se weiering om substasiekapasiteit te vergroot, genoodsaak om hom skuldig te maak aan die besoedeling van die Vaalrivier deur verpligte beurtkrag te moet toepas. Benewens die ekonomiese impak wat deurlopende beurtkrag op die plaaslike ekonomie het, word sommige noodsaaklike dienste soos hospitale, rioolpompe, watervoorsiening en rioolbehandelingsaanlegte óók noodwendigerwys van elektrisiteitstoeveroer afgesny. Rioolvuil, wat ook bloed uit plaaslike abattoirs bevat, vloei weens rioolpompe wat staan as gevolg

VAALRIVIER-BESOEDELING

daarvan, direk in die Vaalrivier in en dit hou groot gesondheidsrisiko's vir inwoners sowel as die omgewing in. Die Vaalrivier is 'n noodsaaklike waterbron wat water aan miljoene Suid-Afrikaners verskaf. Beurtkrag word in hierdie munisipaliteit geïmplementeer omdat die huidige elektrisiteitsverbruik van die munisipaliteit die kapasiteit wat die Eskom substasie tans kan lewer, oorskry. Die enigste blywende oplossing hiervoor is om die kapasiteit van die substasie te vergroot. Eskom is egter nie geneë daartoe nie, tensy die munisipaliteit

sy totale uitstaande rekening vereffen, alhoewel die munisipaliteit sy afbetalingsooreenkomst met Eskom nakom. Eskom vereis onverbiddelik dat die totale uitstaande bedrag ten volle betaal word voordat daar enigsinsonderhandel kan word oor die kapasiteitverhoging by sy substasie. Hierdie houding verplig die munisipaliteit om beurtkrag toe te pas ten einde te verhoed dat Eskom se substasie oorlaai word en, soos wat 'n rukkie gelede gebeur het, weer ontplof. Die besoedeling van die Vaalrivier is onaanvaarbaar, veral in ag genome die huidige Covid-19-

pandemie, en daarom het die VF Plus 'n skrywe aan die adjunkpresident, David Mabuza, gerig om dringend in te gryp en behulpsaam te wees met die stopstap van die besoedeling van die Vaalrivier. Die regering skuld homself nie net geld nie, maar laat toe dat die omgewing en die ekonomie daaronder ly.

Mediaverklaring deur Phillip van der Merwe, VF Plus-raadslid in die Ngwathe-plaaslike munisipaliteit.

COVID-19
WAT JY VANDAG MOET WET

Suid-Afrika het die 150 000-kerf vir Covid-19 infeksies verbygesteek.

Die jongste getalle toon dat daar 159 333 bevestigde gevalle in Suid-Afrika is. Die dodetal staan tans op 2 749 en reeds 76 025 mense het van die virus herstel. 218 van die bevestigde gevalle in SA is aktief in die Fezile Dabi distrik waarvan 54 in die Ngwathe distriksmunisipaliteit val. Teen druktyd het Heilbron op 27 bevestigde gevalle gestaan.

Die nasionale taxiraad Santaco het minibus taxi's toestemming gegee om vanaf 29 Junie weer hul voertuie vol te laai en die vlak 3 maatreëls wat taxi-kapasiteit tot 70% beprek, word dus verontagsaam.



HERALD

JACO IS NOU DEEL VAN ELITE GROEP **SPORT**

Almal wil 'n beker by die huis hê. Jaco Lombaard kan nou sê dat hy deel van die Elite groep gholfers is wat 'n HBA maandbeker op die trofee-rak het. Hy wen Saterdag sy eerste *mug* met 'n netto telling van 69. Wat die dub-

bel uitspeelwedstryde betref gaan dit nie goed met die verdedigende kampioenpaar Julyan en John nie. Hulle verloor beide hulle wedstryde en gaan dit moeilik gaan om weer die beker vas te hou.

Saterdag word daar vir die Junie

HBA maandbeker gespeel en gaan die halfweg ete hoender en skyfies wees, spesiaal gemaak vir Johan Nelson.

Die dubbel uitslae soos volg: Willie/Johan wen Gerrie/Eben 13-11, Eddie/Abrie wen Jacques/

RJ 11-10, Herman/GP wen Ruan/Willem 11-10 en Jack/Wiam wen John/Julyan 21-4.

Môre word daar weer ingeskryf vanaf 10:30 vir afslaan 11:00. Dit gaan jou R 200 kos wat ete en vleispryse insluit.



Op die foto vl: Meimaand se "mug" wenner vl: Gerrie Muller (President), Jaco Lombaard (1 ste), Willie Pretorius (2 de) en Abrie Watson (3 de).

TREFFER FOTO'S ONTVANG

Ewie Claasen skiet 'n Swartwildebees op 350 meter met 'n 30.06 kaliber, beter bekend as 30 nul kwes.

Op die foto regs Ewie agterop die "eksotiese CORONA-tipe met masker geteël swartwildebees". Wees deel van ons fotokompetisie en gaan "like" jou gunsteling op Heilbron Herald se Facebookblad of gaan lees die bepalinge en voorwaardes om self deel te neem. Kompetisie sluit eers einde Augustus, skryf nou in om jou "likes" te verwerf!



Winter Chair Specials

All prices are excluding VAT
Additional courier cost to be added to the order
Contact: heraldoffice@heilbron.co.za



Edge Side Chair
Was: R380
Now: R230



Edge Arm Chair
Was: R380
Now: R230



Sleek Side Chair
Was: R380
Now: R230

Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige
Lewendehawwe bemaking.
Uit-die-hand-transaksies of
veiling navrae!

www.brookhuis.co.za

12 Houtkruis 97,

Frankfort, 9830

Sel: 082 569 7205

Kaartjie: 058 813 1067

Kaartjie: 058 813 1067

BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 6 JULIE 2020

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtye Bezuidenhout 082 827 7443

DINSdag - 7 JULIE 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

DONDERdag - 9 JULIE 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Marco Reinecke 079 493 9755

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

VREDE: OOS-VRYSTAAT VELDRAM KLUIVEILING
55 Merino ramme
11:00, Vrede veilingsskrale
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

VRYdag - 10 JULIE 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Sally de Villiers 073 856 4956

www.bkb.co.za

BKB Louwid NOORD 085/026173/07

Posbus 220, Frankfort, 9830

Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317

e-pos: frankfort@bkbouwuid.co.za

